

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
14 Maart 1976

Onderwerp: Godverlate

Lees: Eségiël 10 verse 1 tot 22

Teks: Eségiël 10 vers 18

Sing: Gesang 180 verse 1 en 3
Gesang 125 vers 2
Gesang 128 vers 6

“Esegiël is ’n boek wat nie baie gelees word nie. Waarskynlik omdat sommige redeneer dat Esegiël buite ons lewens staan en ook buite ons tyd. Derhalwe het hy nie veel vir ons te sê nie.

“Sy boeteprediking is in ons ore ’n veraf en onverstaanbare dreuning. Tog is hierdie boek ook vir ons eie tyd geskryf. Daarom moet ons ook luister na die striemende woorde van God wat eeue gelede gespreek is. Valse rus en gerustheid is altyd gevaarlik.

“Julle ken die verband waarin God met Esegiël by die Kebarrivier gespreek het. In hoofstuk agt word ’n opsomming gegee van die gruwelike afgodery wat in Israel plaasgevind het. God neem Esegiël by die kuifhare en toon elke gruweldaad en gruwelplek. En wanneer hy teësinnig huiwer, ontvang hy van God die versekering dat daar nog baie meer is om te sien.

“Na hierdie openbaring van die gruweldade toon God aan Esegiël in hoofstuk nege die visoen van die Man met die linnekleed en ’n skrywer se inktpot aan sy sy. Dit is Jesus Christus. Hy is besig om met ’n pen diegene te merk wat nie aan die bedrywighede van die gruwels deelgeneem het nie. En die teken waaraan hulle geken en onderskei sou word, is die teken van die kruis. Diegene wat hierdie merkteken nie kon toon nie, is neergeslaan deur die ses engele van oordeel - grysaards sowel as kinders.

“Dan volg die tiende visioen. Hier is twee dinge duidelik: Die Man met die priesterkleed se koms na hierdie wêreld beteken nie net vrede nie. Hy sal ook vuur op Jerusalem werp. Hier leer ons Jesus Christus se heilige toorn ken.

“Vuur op Jerusalem! Die stad waar Hy uitgedrywe is, al swoegende onder die vloekhout oppad na

Golgota. Die stad waar hosannas gesing is, maar ook: Kruisig Hom!

“Van die Man in die linnekleed hoor ons nie verder in Eségiël nie, maar ’n voorstelling is nie moeilik nie. Vuur is ’n reiniger. Dit wis uit. En soos hierdie vuur is God in sy gerig en toorn. As God sy vuur op aarde gebruik, dan kreun die aarde. Dan styg die geroep van wanhoop ten hemele: ‘... en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?’ (Openb 6:15-17)

“En tog sal dit nie die ergste wees wat die aarde sal tref nie. Luister na ons teksvers: ‘En die heerlijkheid van die HERE het van die drumpel van die huis af weggetrek’. (Eség 10:18)

“Dit is die ergste!

“In eenvoudige taal kom ons teksvers daarop neer: God sal weggaan.

“As my vader kwaad is vir my. As hy my slaan en tug en ek inmekaar krimp onder sy houe, is dit erg. Maar as dit sovêr kom, dat my vader niks meer sê nie en maar net sy vaderverdriet wys en weggaan en jou verlaat en nie weer terugkom nie. Wat kan erger wees as dit?

“In hierdie visioen bevind Eségiël hom voor die ingang van die Tempel. En voor die Tempel staan ’n wa. Dit is God se wa. Dit het wonderlike wiele. Dit het wiele binne-in wiele. En bokant die wiele sien Eségiël vier gerubs, vier wesens, vier diere. En bo-op die vier gerubs is daar ’n troon - die troon van God. Dit is dus ’n koningswa, wagtende op sy Heilige Passasier.

“God woon in die tempel en Hy woon by sy volk. Dit is louter genade. Dit is genade dat God, die Heilige Gees, in ons woon en dat Hy hier in die kerk by ons wil wees en dat Hy ons nimmer meer wil verlaat nie. Dit is ook die heerlike belofte van God aan sy verbondsvolk. Maar omdat ’n verbond twee partye en twee dele het, het die verbondsvolk ook groot verantwoordelikhede. En as die volk doen wat Eségiël in hoofstuk 8 aanskou het, as hulle die verbondsbelofte vertrap en die verbondsooreenkoms verbreek, wat staan God dan te doen? Dan staan die Koning se wa voor die deur en wag. Dan staan God op die drumpel van die Tempel en

die gerubs pleit: HERE verlaat u Tempel. Laat ons weggaan van hierdie volk met sy ondankbaarheid en verbondsbreuk; wat die Bloed van Golgota vertrap en vir wie die kruis 'n struikelblok en 'n hindernis is.

“Alhoewel Eségiël 'n toeskouer was, het dit hom in sy siel gegryp, omdat dit sy volk was.

“En ons? Ons kan nie en mag nie vanmôre toeskouers wees nie, want óók óns is in hierdie visioen betrek.

“Miskien dink ons vanmôre hier in die kerk: God gaan nie weg nie. Dit lyk nie so nie. God dreig maar net om sy volk te verlaat. Maar as God sy eie volk verlaat het en sy Tempel agtergelaat het, dan is dit nou ook moontlik. God kan ook nou weggaan!

“Ja, Broers en Susters, dit is só! God kan weggaan en as Hy sou weggaan, verdien ons dit.

“Ons kan 'n tempel hê met al die uiterlike vorms van bediening, maar God is weg! Hy is nie daarin nie.

“Gerus mag ons nie wees nie!

“Broers en Susters, pas ook hierdie verskrikking toe op julle eie lewens, want dit is realisties moontlik. Staan God op die drumpel van jou lewensdeur en is sy koningswa reg om te vertrek?

“Hoe staan dit met jou lewe? Is daar werklik 'n begeerte om God se Woord te ontvang en te vereer? Is daar opregte liefde vir God en jou naaste? Doen ons wat ons hier hoor? Stry ons ten bloede teen die sonde? Verstaan ek die boodskap van die kruis? Het die kruis van Jesus Christus sy regmatige plek in my lewe?

“En as dit só sleg met ons gesteld is, dat alles uiterlik in orde lyk terwyl ons innerlik verrot is, dan skryf Jesus Christus vir ons 'n brief: ‘Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.’(Openb 3:1) Dan staan God se wa voor die deur en die gerubs pleit: Verlaat hom! Onttrek U bemoeienis, beproewing en U Woord van hom, met sy selfgenoegsaamheid, skynvroomheid, liefdeloosheid en onderlinge jaloesie.

“Broers en Susters, hoe staan dit met ons kerk en ons huis? Doen ek as lidmaat elke dag wat die HERE van my verwag en waartoe Hy my geroep het? Is daar geloofsblydschap in my lewe? Is daar liefdevolle opoffering vir Jesus se Kerk, wat gestig en geplant is in Jesus se kosbare bloed? Of loop ons soos 'n los donkie teësinnig saam?

“As ons lewens dus net skyngodsdiens is, moenie verbaas wees as Eségiël ook nou vir ons kom sê: Predikant, ouderling, diaken, lidmaat, God staan op die drumpel. Sy wa wag. Hy wil weggaan.

“Wat bly dan oor? Mooi kerkgeboue wat duisende Rande werd is, vrome Christelike norme, standpunte en lewenswyses, maar God is weg! God se heerlijkheid het van die drumpel weggetrek. Nêrens is daar die heerlijkheid van ’n verlose lewe te sien nie.

“Sou u wou sien dat dit gebeur? Sou u en ek sonder God wou lewe?

“Nee!

“Maar waarom is daar dan so min tyd vir God in ons lewens? Waarom leef ons so dikwels sonder God? Waarom vertrou ons dan nog so dikwels op onself, in plaas van op God se sterke arm? Waarom dwaal ons rond met ons sorge, met ons verdriet en selfs met ons blydschap, sonder om dit voor Hom uit te stort?

“God verlaat alleen ’n volk en dié mense wat Hom reeds verlaat het. God is eerste in die liefde, terwyl ons eerste is om Hom te verlaat.

“As Eségiël God sien wegry, kan hy nie anders dink as: Hier het hulle God nie meer nodig nie. Hier is God oorbodig. In hierdie lewe is daar baie wat so redeneer. Daar is baie by wie God ’n onwelkome Gas is. Hulle bely dit nie, maar hulle lewe getuig daarvan. God is vir hulle soos ’n ou verblykte familiefoto teen die muur.

“Maar ons, die kinders van God, wat het ons aan God in ons daaglikse lewe? Wat het ons aan God in ons winkel, op die plaas, in die skool en in ons huis? Wat het ons aan God in die probleme van ons huwelikslewe? Uit die antwoorde hierop sal ons weet of God se wa vanmôre voor ons deur staan. Sal ons God mis as Hy vertrek?

“Jesus Christus is ook deur God verlaat.

“God het Jesus Christus na die aarde gestuur, waar die hele Joodse volk se haat op Hom gekonsentreer was; sy slape met ’n doringkroon verwond is; en spykers Hom aan die kruis vasgehou het. Dit was erg, maar nog nie die ergste nie.

“Die ergste was dat sy Vader Hom daar aan die kruis verlaat het en van Hom weggegaan het. Wat kan erger wees as dit? Dit is wat op Golgota gebeur het!

“Jesus Christus het in hierdie duisternis en verlatenheid gesterf, sodat ek en jy nimmer meer verlaat sal word nie. Die Seun van God het na hierdie wêreld gekom en daar was vir Hom geen plek nie, omdat God plek wil hê in sy Kerk, my hart en my lewe.

“Broers en Susters, laat hierdie heerlike en blye boodskap nie vanmôre by u verbygaan nie. Golgota het hierdie een versekering: God wil by ons woon! God wil

ons losruk van die sonde en die dood. God wil ons vrymaak. Daarom het Hy sy Seun verlaat aan die kruis, sodat ons nimmer meer verlate sal wees nie.

“En as ons vanmôre uittrek in skuld-erkenenis soos die verlore seun, dan sal ons vind God is daar en Hy wag reeds lank op ons. Die feesmaal is gereed. En al het God se koningswa al voor die deur van my verknoeide en bankrot lewe gestaan, dan vertrek Hy nie. Dan draai Hy van die drumpel af om, al is dit op die enkele opregte roep: Ag, Here, Here!

“Die gewetensvraag vanmôre is: Is daar plek vir God in hierdie kerk? Is daar plek vir God in hierdie lewe? Sal ek Hom uitsluit? Hom weier in sy toenadering?

“Ken jy jouself? Ken jy jou sonde? Het jy jou skuld ontdek en uitgevind? Staan jy daagliks voor die spieël van God se Woord?

“Is jy in die kerk, maar liefs sonder God? Ek is ’n gedoopte lidmaat, maar sonder die waarlike heerlikheid van ’n verlose lewe. Ek stry, maar verloor so maklik.

“Weet dan en besef dat God nog ’n oomblik wagtende op die drumpel vertoef. Wagtende in sy onverstaanbare barmhartigheid.

“Wagtende vir wat?

“Dat jy Hom moet terugbid, terugroep en terugsmee. God luister na die teneergeslane bidder. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek nie en die rokende lampfit nie uitdoof nie. En as Hy sy hande uitsteek, is dit nie meer hande vol vurige kole nie, maar deurboorde hande wat jou wil help.

“Broer en Suster, God staan miskien op die drumpel van jou lewe. Sy wa is gereed. Maar Hy vertoef nog ’n wyle. Daar is nog genadetyd. Gryp Hom aan in Jesus Christus voordat dit te laat is.

“O, God bly by ons! Ons kan nie en wil nie sonder U nie!

“Amen.”